HOOFSTUK
# 10 Hersiening

Peter en Vuyokazi begin hulle onderneming Ziter Pics op 1 Maart 20.9. Hulle nader jou om hulle te help met raad oor BTW betalings.

1 Verduidelik aan Peter en Vuyokazi die volgende.
- Waarvoor staan BTW?
- Wat is die koers van BTW in Suid-Afrika?
- Is BTW betaalbaar op alle items? Verduidelik
- Aan wie word die BTW aan oor betaal?
- Verduidelik die verskillende maniere waarop daar vir BTW geregistreer kan word. Watter stelsel moet Ziter Pics registreer voor?
- Hoe moet hulle die volgende hanteer vir die stelsel waarop hulle geregistreer sal wees:
  » Oninbare skuld
  » Kortings
  » Goedere teruggestuur.
- Wat is die verskil tussen BTW Inset en BTW Uitset?

2 Wys hulle die basiese berekeninge van BTW vir die volgende transaksies: Rond af tot die naaste rand en sent
- ’n Kontantfaktuur ontvang vir aankope - R3 900. Watter BTW bedrag sal Ziter Pics betaal? Is hierdie inset of uitset BTW?
- ’n Kredietfaktuur uitgereik aan ’n debiteur vir verkope-R11 115. Bereken die BTW betaal en die koste van verkope indien die bruto wins persentasie 50% is. Is dit inset of uitset BTW?
- Ziter Pics wil graag ’n bruto wins persentasie van 50% handhaaf. Indien die goedere aangekoop was vanaf ’n groothandelaar vir R4 200 (BTW ingesluit), wat sal die klant dan betaal?

3 Wat sal gebeur indien hulle laat is met hulle oorbetaling?

4 Verduidelik belastingontduiking en die gevolge daarvan.

5 Wat is die interne beheermaatreëls wat in ag geneem moet word wanneer betalings aan SAID gemaak word?